

SAOU ONDER DIE VERGROOTGLAS

(Jannie van der Westhuizen)

Gedurende die onlangse tye was die SAOU gereeld in die nuus. Ongelukkig nie uit erkenning of waardering vir die uitstekende en gerespekteerde werk wat die SAOU as vakbond vir onderwys in die algemeen in SA doen nie. Ongelukkig ook nie vir sy rol as 'n vakbond wat sy funksie op 'n verantwoordelike wyse in 'n komplekse omgewing verrig nie. Ook nie vir die feit dat die belang van sy lede, asook die belang van leerders, ewe swaar vir hom weeg nie. Dit is jammer, want die SAOU is inderdaad 'n organisasie met 'n trotse en gerespekteerde rekord, ook in die oë van die breë publiek.

Die SAOU was in die nuus, en onder die vergrootglas, omdat 'n aantal lede kritiese vrae begin vra het, ongemaklike bewerings en selfs ernstige aantygings gemaak het. Al hierdie vrae en aantygings was hoofsaaklik gerig op die bestuur en leierskap van die SAOU. Die verbrokkelde verhouding tussen die HUB van die SAOU, en 'n bekende entrepreneur, wat oor tyd by verskeie geleenthede as borg by SAOU-geleenthede opgetree het, was 'n belangrike faktor in die hele sage. Moontlik was dit selfs die dryfkrag daar agter.

Soos wat enige verantwoordelike instansie behoort te doen, het die SAOU met erns op hierdie vrae, bewerings en aantygings reageer. 'n Gerespekteerde oud-regter is aangestel om 'n volledige ondersoek nav die bewerings van stapel te stuur, en 'n verslag uit te bring. Hy is oa deur 'n forensiese deskundige bygestaan. Hulle het ook die verantwoordelike ding gedoen om hulle vooraf tot die aanvaarding van die verslag te verbind, en die volledige verslag openbaar te maak. Dit is prysenswaardig. Dit was ook noodsaaklik dat die ondersoeker, in hierdie geval Regter Hartzenberg, se bona fides bo verdenking moet wees. Ook in hierdie geval het die SAOU eerbaar gehandel.

Geen organisasie is ook inherent net goed of net sleg nie. Ook nie die SAOU nie. 'n Grondige en diepliggende bestekopname is beslis by alle organisasies, selfs al gaan dit hoé goed, van tyd tot tyd nodig. Die proses wat die SAOU nav die bewerings en aantuygings gevolg het, getuig dan ook van die erns waarmee dit bejeën is, en die verantwoordelike manier wat daarmee omgegaan is.

Enkele aspekte wat deur die verslag uitgelig is, sluit in :

- dat die SAOU voldoen aan goeie korporatiewe bestuur in terme van King III en IV;
- dat die finansiële bestuur van die SAOU verantwoordbaar is, en voldoen aan statutêre vereistes;
- dat die SAOU se verkiesingsprosedures geldig is;
- dat enige bewerings teenoor die SAOU en sy leierskap geen substansie het nie;
- dat geen vorm van wanadministrasie gevind kon word nie.

Die verslag se aanbevelings is hoofsaaklik van 'n tegniese aard, maar sluit oa kommentaar nav die SAOU-leierskap se vergoedingspakkette in. Daar is dan ook 'n spesifieke aanbeveling dat die HUB van die SAOU se vergoedingspakket vir 'n tweede eksterne evaluering verwys moet word, en op grond van daardie professionele mening, herstruktureer moet word. Verder sluit dit ook in dat nie of die HUB of die Adjunk Direkteur van SAEF raadsgelde ontvang nie.

Geen aanduiding van wanadministrasie, of oneerlike of onbehoorlike finansiële bestuur kon deur die regter gevind word nie. Dit strek die SAOU tot eer. Prosesse en praktyke is egter uitgewys wat verbeter of versterk kan word

Geen individu of organisasie mag ooit in die strik trap om dit wat verkeerd is, te probeer regverdig nie. Selfs sake of aspekte wat reg of wettig is, is nie noodwendig moreel of eties regverdigbaar nie. Dit is hier waar die SAOU se uitdaging nou lê : om reg te stel wat reggestel moet word, selfs al is dit van 'n geringe of tegniese aard, maar ook om te verander wat eties en moreel gesproke verandering verg. Dit gaan nie oor wie reg is nie, maar wat reg is.

Hoewel die verslag baie gemoedsrus gee, en talle goeie praktyke uitwys, is dit nodig dat die SAOU se leierskap indringend met die volledige verslag sal handel. Daar moet opnuut verseker word dat elke faset van die organisasie se funksionering eerbaar is ten einde die stuuur van die SAOU te beskerm. Hul President het hom herhaaldelik publiek daartoe verbind. Die verslag kan inderdaad bydra tot 'n beter en sterker SAOU.

Salarisse van Hoof Uitvoerende Beampies is al 'n geruime tyd 'n omstrede onderwerp en deel van die publieke debat. So sal daar ook wye meningsverskil wees oor wat die salaris van 'n ervare en hoogs kundige HUB van 'n vakbond met byna 40 000 lede, en wat boonop 'n gerespekteerde en bewese onderhandelaar is, behoort te wees. Sulke individue is ook baie skaars en bykans onvervangbaar. Soos deur Regter Hartzenberg aanbeveel, sal 'n tweede eksterne professionele instelling se advies dit moontlik maak om hier te doen wat reg en verantwoordbaar is.

Ongelukkig is daar egter aanduidings dat Regter Hartzenberg se verslag nie alle ontevredes gerus of tevrede gestel het nie. Hierdie groepering het die verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle uitsluitlik gedryf word deur die beste belang van die organisasie waarvan hulle lid is. Soos die leierskap van die SAOU, moet ook hulle Regter Hartzenberg se verslag aanvaar. Wat die uitkoms van verdere beplande aksies deur die ontevredenes gaan wees, sal net die tyd ons leer. Hoe ook al, en in sy eie belang, sal die SAOU se leierskap opnuut met hierdie groepering in gesprek moet tree. 'n Probleem gaan nie vanself weg nie, en daar hoef geen wenners of verloorders verklaar te word nie. Wedersydse redelikheid, verantwoordelikheid, emosioneel volwasse leierskap en koel koppe sal die gesprek moet dryf, ongeag frustrasies of vooroordele uit die verlede. 'n Indringende en eerlike gesprek, wat deur alle rolspelers met 'n oop gemoed benader word, kan geen skade doen nie.

Die SAOU het 'n baie groot rol om in die groter onderwysbedeling in ons land te speel, en daarvoor het hy die agting en respek van almal, en nie net sy lede nie, nodig. Binne die SAOU as organisasie is daar enorme kundigheid en ervaring wat tot voordeel van die Onderwys aangewend moet word. As organisasie het die SAOU dus 'n baie groot verantwoordelikheid om sy reputasie en goeie naam ten alle koste te beskerm. Die wyse waarop die saak tot nou hanteer is, gee alle rede tot vertroue dat daar verantwoordelik met die verslag, en gepaardgaande aanbevelings, gehandel sal word.

Mag die gebeure ook ander openbare instellings sensiteer tot deurlopende kritiese selfondersoek. Enige individu of organisasie is, veral op die kruin van die golf, die mees kwesbaarste. Die Steinhoff-gebeure lê nog vars in die geheue.

Jannie van der Westhuizen is die oud-rektor van Paul Roos Gimnasium, oud lid van die SAOU se NUR, en was ook voorsitter van die US se Sosiale en Besigheidsetiek-komitee